

# ***Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika***

## **Deputate Owerheid**

Posbus 20004 Noordbrug 2522

[anberg@absamail.co.za](mailto:anberg@absamail.co.za)

082-377 1112



25 Junie 2012

Die Voorsitter  
CRL Kommissie  
Privaatsak X 90 000  
Houghton 2041.

(Aandag Mnr. Siphon Mantula).

### **VOORLEGGING INSAKE GODSDIENSTIGE OPENBARE VAKANSIEDAE IN DIE RSA**

Baie dankie vir die geleentheid om langs hierdie weg namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) 'n voorlegging te kan maak ten opsigte van die besinning oor openbare vakansiedae, meer in die besonder: godsdienstige vakansiedae.

Ds. Anton van Rensburg van Paarl sal die openbare sitting op 28 Junie te Kaapstad bywoon en verdere mondelinge toeligting gee.

#### **1. Amptelike standpunt van en praktyk in die GKSA:**

Volgens artikel 67 van ons Kerkorde word die onderhouding van die Christelike feesdae aan die vryheid van die plaaslike kerk oorgelaat. Christelike feesdae soos Goeie Vrydag en Kersfees word nie as heilige dae beskou nie. Daar is dus geen gewetensbinding teenoor ons eie lidmate in diè verband nie, en daar is enkele gemeentes wat die dae nie onderhou nie.

Tog is dit so dat verreweg die oorgrote meerderheid van gemeentes en lidmate hierdie dae onderhou, dat hulle dit kosbaar ag en dat dit 'n belangrike plek op hul gemeentekalenders inneem. Die dae het veral in familie- en gesinsverband 'n belangrike betekenis.

## 2. Goeie Vrydag en Kersfees wêreldwyd en histories belangrike Christelike feesdae:

Christene vanoor die hele wêreld ag hierdie feesdae as baie belangrik en internasionaal word hierdie dae deur die meeste lande by wyse van openbare vakansiedae herdenk. Die oorsprong van hierdie feesdae dateer terug na die eerste eeue van die bestaan van die Christendom.

## 3. Die situasie in Suid-Afrika:

### 3.1. Integrale deel van 'n nasionale konsensus

Dit moet in gedagte gehou word dat die kalender van Openbare Vakansiedae, soos met die nasionale simbole, 'n belangrike deel van die onderhandelinge tydens Kodesa uitgemaak het. Die samestelling daarvan was 'n weg waarop verreweg die meeste rolspelers mekaar gevind het. Die saak van die Nasionale Simbole het in die Oorgangsgrondwet van 1994 en in die Grondwet van die RSA van 1996 beslag gekry, terwyl die saak van die Nasionale Vakansiedae met groot eenstemmigheid reeds in Wet 36 van 1994 vasgelê is.

Die huidige Openbare Vakansiedae is dus grootliks 'n saak van nasionale konsensus wat nie los te make is van die ooreenkoms wat tussen die verskillende gemeenskappe in Suid-Afrika bereik is nie.

### 3.2. Die samestelling van die RSA se 12 openbare vakansiedae sien soos volg daar uit:

Godsdienstig-bepaalde feesdae	2
Neutrale, algemene feesdae	5
Feesdae sterk aan die "struggle" gekoppel	5

In die Suid-Afrikaanse kalender is Godsdienstig-bepaalde vakansiedae reeds relatief min vir 'n land waarvan 85% van die bevolking definitiewe godsdienstige oortuigings het.

### 3.3. Die taak en verantwoordelikheid van die Art. 185 Kommissie:

3.3.1 Die naam van die Kommissie, aan die hand van wat art.185 van die Grondwet vereis, spreek reeds daarvan dat die Kommissie die regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalgemeenskappe moet Beskerm en Bevorder, en nie moet inperk en inkort nie.

Afskaffing van die enigste twee openbare vakansiedae met 'n Godsdienstige inslag sal dus indruis teen die hele aard, bestaan en doel van die Kommissie.

3.3.2 Volgens **art.5(c) van die Wet** wat die Kommissie daarstel, Wet 19 van 2002, is dit die taak van die Kommissie om *behulpsaam te wees in die ontwikkeling van strategieë wat die volle en aktiewe deelname van kulturele, godsdienstige en taalgemeenskappe tot nasiebou in Suid-Afrika fasiliteer*. 'n Aanbeveling van die Kommissie om die openbare vakansiedae wat vir 80% van die Suid-Afrikaanse bevolking van groot waarde is in te kort, sal juis die teenoorgestelde effêk hê en vervreemding eerder as versoening en nasiebou in die hand werk.

3.3.3 Volgens **art 21(a) van die Wet**, moet die Kommissie besluite neem op 'n konsensus-soekende wyse *wat uitdrukking sal gee aan die beginsel van eenheid in verskeidenheid soos gereflekteer in die Grondwet*. Deur die afskaffing van die betrokke twee openbare vakansiedae sal die Kommissie juis 'n verskeurdheid in die verskeidenheid teweegbring.

#### **Gevolgtrekking:**


Die Kommissie sal teen sy eie oorsprong, aard en doel optree deur mee te werk daartoe dat Kersfees en Goeie Vrydag as openbare vakansiedae afgeskaf word.

### 3.4. Die Godsdienstige samestelling van die bevolking van die RSA:

Dit is algemeen bekend dat bykans 80% van die bevolking van die RSA hulself as Christene beskryf. Hierteenoor alleen sou met reg die argument van die onwenslikheid van meerderheidsdominansie in die huidige debat oor Godsdienstige openbare vakansiedae ingebring kon word.

Dit is egter so dat daar naas diè persentasie van Christene hoegenaamd nie 'n enigsins beduidende persentasie van een bepaalde ander godsdienngemeenskap in die bevolking is nie. Volgens die **2001 Sensus** sien die godsdienstige verspreiding van die bevolking van die RSA soos volg daar uit:

### PERSENTASIE GELOOFSVERSPREIDING RSA SENSUS 2001



Naas die Christendom se 79,8%,  
volg die Islam met 1,5%,  
Hinduïsme met 1,2%,  
Judaïsme met 0,2% en  
alle ander godsdienste saam met 0,6%.

Die vraag kan met reg gevra word of dit prakties moontlik en haalbaar is om aan elk van hierdie geloofsgemeenskappe 'n openbare vakansiedag toe te staan, maar meer nog: of dit billik is om by gebrek aan so 'n moontlikheid die twee openbare vakansiedae van die Christene af te skaf.

### 3.5. Die taak van die owerheid in dië verband:

#### 3.5.1 Ingevolge die getuienis van die Bybel:

Die Bybel leer ons in **Romeine 13:1-5** dat owerhede daar is “*deur die beskikking van God*” en “*dat die owerheid ‘n dienaar van God is tot jou beswil*”. Dit is dus die taak van die owerheid om sy werk sodanig te verrig en die samelewing so te reël dat daar geleentheid is vir die beoefening van ons diens aan God.

Volgens die eis van **II Timotheus 2:1 en 2** moet Christene bid vir die owerheid “*vir die wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen sodat ons ‘n rustige en stille lewe kan lei..(en dan die woorde)..’in volkome toewyding aan God.*” Die owerheid moet dus die publieke ruimte skep vir Christene om hulle volkome aan God toe te wy. In hierdie *toewyding aan God* speel ons twee openbare Christelike vakansiedae ‘n baie belangrike rol. Tewens: vir ‘n groot persentasie swart gelowiges is Goeie Vrydag die Godsdienstige hoogtepunt van hul toewyding van die jaar. Om hulle die geleentheid en gepaardgaande pelgrimstog te ontnem sal deur hulle ervaar word as ‘n kaal-gestroop-wees van hul belangrikste Godsdienstige handeling, diens en toewyding aan God.

#### 3.5.2. Ingevolge die Grondwet van die RSA:

Die grondwet van die Republiek van Suid-Afrika maak voorsiening vir die toepassing van die aktiewe plurale opsie in die toepassing van die fundamentele reg van godsdienstevryheid. Hierdie opsie is die teenoorgestelde van die aktiewe sekulêre opsie. Die aktiewe sekulêre opsie gaan uit van die algehele skeiding van kerk en staat wat beteken dat die beoefening van godsdienste op die openbare terrein nie toegelaat word nie. Waar hierdie opsie beoog om alle godsdienste uit die openbare terrein te verwyder, beoog die aktiewe plurale opsie om godsdienste in die openbare terrein te akkommodeer.

Daarvolgens moet die owerheid die wetlike ruimte en geleenthede vir die kerk skep om sy roeping as orgaan van die burgerlike samelewing ten volle te kan uitleef. ‘n Ontneming van die enigste twee godsdienstige openbare vakansiedae

in Suid-Afrika sal die kerk van 'n aansienlike deel van hierdie ruimte en geleentheid ontnem.

### 3.6. **Gesinsdag (vroëer Paasmaandag) en Welwillendheidsdag (vroëer 2de Kersdag):**

Hierdie twee Openbare Vakansiedae herdenk geen Christelike heilsgebeure nie en is in wese geen godsdienstige vakansiedae nie. Dit kan dus ook nie by die twee ware Christelike openbare vakansiedae bygereken word om die Christene se “kwota” as oorvol aan te spreek nie.

Oor die handhawing van Gesinsdag en Welwillendheidsdag het ons dus geen versoek nie. Ons glo maar dat dit om praktiese en logistieke redes gehandhaaf word. Hierdie voorlegging spreek hom daarom ook nie uit oor die handhawing of afskaffing van daardie twee dae nie.

## 4 **'n Billike en gegronde versoek, teenoor die onhaalbare.**

Jahnabi Barooah skryf op 1 Januarie 2012 in die *Huffington Post*:

*“We live in a beautiful diverse world, and almost each day of the year is a sacred time for someone”.*

Alleen uit die eerste voorlegging aan u Kommissie in Durban blyk dit dat as daar aan die verskillende pleidooie voldoen word, Suid-Afrika 'n ekstra 11 openbare vakansiedae sal hê. Dit is tog prakties en ekonomies omhaalbaar.

Daarteenoor is die blote versoek om die handhawing van net twee uit twaalf openbare vakansiedae wat

- deur die oorgrote meerderheid van ons lidmate onderhou word;
- deur Christene wêreldwyd en vanaf die vroegste eeue gevier is;
- 'n integrale deel van ons nasionale konsensus is;

- in lyn lê met die opdrag van u Kommissie en die Wet wat u Kommissie daarstel;
- dae is van die enigste godsdienstige groep wat meer as 1,5% van die bevolking verteenwoordig, en wel 79,8%;
- te rym is met die Bybelse eis vir die taak van die owerheid;
- in pas is met die plurale aard van die Grondwet van die RSA;
- as alternatiewe het die skepping van 'n totaal-onhaalbare scenario.....

'n billike eis van die GKSA en 'n positiewe inset tot die openbare verhore oor die openbare godsdienstige vakansiedae in Suid-Afrika.

#### 4. Formele versoek:

**Dat die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele- Godsdienstige- en Taalgemeenskappe uit hoofde van sy bevoegdheid kragtens Wet 19 van 2002 by die Parlement van die RSA sal aanbeveel dat Goeie Vrydag en Kersfees as Openbare Vakansiedae op die Suid-Afrikaanse kalender behou word.**

Namens die Deputate Owerheid,  
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

.....

Ds. Cassie Aucamp (Voorsitter)